

WATERGAT AJV KAMP: 22 - 24 Augustus 2014



Ons het aangekom by Watergat
kampterrein vir 'n lekker saamkuier
AJV naweek. Hierdie bly maar net 'n
ongelooflike mooi plek!

Alles skep so 'n lekker
rustige ontspanne
atmosfeer!



Almal kuier lekker saam en vang weer
op na die winter vakansie en hoor wat
almal tydens hul wintervakansies
gedoen het – en vertel van al die toere
en wedervaringe! Die land is vol getoer
deur almal!



Ons het die heerlike lenteweë hierdie naweek ook baie geniet! Vrydagaand is afgeskop met 'n lekker gesellige kaas-en-wyn bymekaarkom en almal het baie lekker gesellig saamgekuier onder die groot tent wat Marius vir ons opgeslaan het. Vir die koue van die aand, het ons lekker verwarmers gehad om almal warm te hou!



Dit is altyd lekker om hier so in die middel van die terrein saam te kuier om die braaiarea – skep 'n ideale bymekaarkomplek vir die groep.





Hier is die lede besig om in te teken op ons AJV intekenregister. Ons het ons AJV vergadering in Goudini kelder se restaurant-area gehou. Almal het dit baie geniet en alles het baie mooi gelyk – nadat ons vergadering baie suksesvol afgehandel is, het almal 'n heerlike ontbyt saam geniet!



Vervolg

Watergat AJV 2

Fred is besig met ons AJV vergadering en terugvoer van die jaar se gebeure. Dit is die mooi blomme waarmee Goudini kelder die saal vir ons versier het.



Onder sit 'n klompie van ons lede aandagtig en luister na die terugvoer van



2013-2014 in ons Noord-Boland se Sawa jaar! Al die lekker kampe en ook die besluite word geneem oor waarheen en wat gedoen gaan word vir 2015! Lede neem entoesiasties deel hieraan. 12 Woonwaens het die AJV kamp bygewoon.



Baie geluk aan die volgende lede van Noord-Boland wat toekennings ontvang het:


Gebiedsmerietes: aan Fred Schmiedeskamp en Marius vd Mescht

Bestuursplaatjies aan die huidige bestuur: Fred Schmiedeskamp, Marius vd Mescht, Johan Smith, Corrie Schmiedeskamp, Hannes Schlechter en Winnie Grove. Fred bedank ook die bestuur vir hulle harde werk en ondersteuning deur die pas afgelope jaar. Marius word ook in die besonder bedank vir al sy bydraes, want hy gaan nou eers vir 'n tydjie rus voordat hy weer op die bestuur gaan dien.

Verdienste plaatjie aan: Johan & Manda du Preez, Marius & Alma vd Mescht, Anna Oosthuizen, Hannes & Elsabé Schlechter, Corrie Schmiedeskamp.

100% Bywoning: Fred & Corrie Schmiedeskamp

Nadat ons AJV vergadering en al die formaliteite afgehandel is, het ons lede 'n heerlike ontbyt geniet voorberei deur Goudini Kelder en die res van die dag lekker rustig saamgekuier en van die padstalletjies in die omgewing besoek! Wat 'n lekker dag! *{sien die voorsittersverslag onder-aan dokument}*





Hier ry ons tussen die
wingerde deur oppad
na die padstal.

Pragtige omgewing
Van Worcester.

Is dit nou nie te mooi
nie?





Ons het die stalletjie lekker verken, en daarna het ons groepie lekker tee gedrink en wortelkoek geëet! Dit was heerlik – en ons kan dit definitief aanbeveel vir enige iemand wat dit wil probeer!



Deel 3 vervolg ...

Hier is Fred se voorsittersverslag wat voorgehou is:

JAARVERSLAG VAN DIE STREEK NOORD-BOLAND
VIR DIE A.J.V. 23 AUGUSTUS 2014

‘n Mens kan dit amper nie glo nie, maar tyd het gevlieg – en die jaar is vinnig besig om na sy einde te snel.

Noord-Boland het gereeld met ons kampe vergaderings gehou en daar is behoorlik notule van elke vergadering gehou en terugvoer gegee aan al ons lede. Die reëling waar vergaderings op saamtrekke gehou word werk goed, waar almal insette en terugvoer gee en elke lid se betrokkenheid word waardeer. Die Gebiedsbestuursvergaderings is ook gereeld bygewoon en terugvoer in die verband is aan lede deurgegee. Boekevat en Eredienste is gereeld gehou op elke kamp.

Die maandelikse fotoblad wat saam met die saamtrek kennisgewings uitgestuur word werk goed. Byna al die lede van Noord-Boland kry die fotoblad en saamtrekkenisgewings elektronies per e-pos. Die fotoblad en saamtrekkenisgewings word ook op SAWA se webwerf geplaas.

Van ons lede is tans onder behandeling vir ernstige siektes en `n spoedige herstel word hulle toegewens.

Die finansiële situasie van Noord-Boland is gesond en daar word gepoog om saamtrekfooie so laag as moontlik te hou. Die finansies is op ‘n baie verantwoordelike en gesonde wyse bestuur. Ons streek het ook geen uitstaande rekeninge of agterstallige ledegelde by SAWA kantoor nie.

Volgens ons nuutste ledeontleding wat ek vanaf Juliana ontvang het, staan Noord-Boland tans op 25 lede waarvan die helfte seniorburgers is. SAWA landwyd se ledetal is besig om te daal en ons sal `n daadwerklike poging moet aanwend om nuwe lede te werf.

Baie dankie aan my bestuur wat my so getrou bygestaan het deur hierdie jaar. Ons het as groep lekker saamgewerk. Baie dankie aan Marius dat hy bereid was om as onder voorsitter te dien en ons ook te verteenwoordig by die gebiedsvergaderings. Baie dankie ook vir al die lede se ondersteuning aan my – ons voel eintlik soos een groot span.

Baie dankie aan ons Hemelse vader wat ons deur die jaar bewaar en gelei het, dat ons oral veilig kon gery en gekamp het. Ons sien uit na nog `n baie lekker kampjaar in 2015!

Fred Schmiedeskamp


Voorsitter

NOORD-BOLAND

Watergat AJV 3

Wat 'n lieflike lente
naweek het ons nie
gehad nie!

Blommetjies was al



baie mooi!



Die water en berge skep hier
'n heerlike rustige atmosfeer,
en dit is ook nie te ver om te
ry nie! Lekker sentraal vir ons
almal!

Hier is ons nog besig met
die laaste voorbereidings
van ons hoofereg van
die aand – terwyl ons
lede al smul aan die
voorgeregte ! Was dit
nie 'n feestelike
spyskaart en ete nie!
Voorgereg: Sop
Hoofereg: Gebraaide
gerolde/gevulde varknek
rolle & rys & groente-
potjies & slaai Nagereg:
Heerlike broodpoeding
en vla! Dit was so baie –
ons het sommer Sondag
ook nog verder geëet!





Fred en Marius is hier besig om die geroalde varknekrol los te maak en te sny! Onder word die ander bygeregte uitgepak en reggesit vir die groot fees!



Hier sit almal lekker en eet om die kampvuur – dit help sommer vir die atmosfeer en om ons warm te hou terwyl daar lekker gesmul word!






Links: Die pragtige proteas wat Winnie vir ons saamgebring het vanaf Ceres, “Op die Berg” af – “dankie Winnie – dit was pragtig!”

Regs sit Marlene en Marietjie – terwyl ons besig is om almal bymekaar te probeer kry vir ‘n groepfoto! Wat ‘n proses!!

In die agtergrond is Martin en Marius.

Onder is net nog ‘n foto van die pragtige omgewing – wat mens nie hier kan miskyk nie.



Deel 4 Vervolg



Watergat AJV 4



Kyk hierdie lieflike Sonsopkoms op die Sondagoggend – dit voel sommer na so 'n Geseënde Dag! Na die baie inspirerende boodskap wat Manda vir ons gebring het, het ons almal lekker saam teegedrink en gekuier – almal geniet hierdie saamkom-tydjies baie!





Sondag-oggend was die hele omgewing se krag af, en het ons die soutigheidjies sommer op die gasplate opgewarm en ons teewater ook op gas gekook! Ons is mos kamper – en 'n kragonderbreking gaan ons nou nie onder kry nie!

Hier is 'n foto van 'n klompie van die lede wat die naweek gekamp het wat ons kon bymekaar kry! Baie dankie vir almal se hulp en bydraes en harde werk gedurende hierdie baie suksesvolle AJV naweek! Ons sien uit na nog 'n jaar van heerlike kampe!

Baie Geluk aan ons BESTUUR van 2015 ~ en Baie Dankie dat julle bereid is om die leisels te neem vir Noord-Boland se kampe ~ dit word waardeer ~ en sterkte vir die jaar!

VOORSITTER: Fred Schmiedeskamp



ONDER VOORSITTER: Pieter Grove en Addisionele lid: Winnie Grove




SEKRETARESSE:

Corrie Schmiedeskamp

ADDISIONELE LID: Hannes Schlechter en by hom is Elsabe Schlechter

PENNINGMEESTER:

Johan Smith



Fotoblaaie saamgestel deur: Corrie Schmiedeskamp